HOëRSKOOL PORTERVILLE
TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za
Posbus 22, PORTERVILLE, 6810

Weekbrief 03/2020

31 Januarie 2020

1870 **2020**

BELANGRIKE KENNISGEWING!!

DIE LAERSKOOL (GR. 1-7) SAL VRYDAG, 7 FEBRUARIE OM 10:00 SLUIT VIR DIE LAERSKOOL PLATTELAND ATLETIEK WAT OM 11:00 BEGIN.

INTERHUIS ATLETIEKBYEENKOMS
22, 23, 24 Januarie 2020

6 REKORDS IS VERBETER

Baie geluk aan die volgende leerders wat rekords verbeter het:

So/9	Cesario Ruiters	80m	12.32s
So/10	Letlhogonolo Kgosieng	70mHek	13.12s
So/12	Kyle Joubert	150mHek	23.83s
So/14	Llewellyn Fransman	100mhek	17.84s
Do/15	Jacolene du Toit	Gewigstoot	10.82m
So/17	Mondré Allies	Hoogspring	1.86m

Bekerwenners per ouderdomsgroep:

Dogters	Ouderdom	Seuns
Marla Sass	o/10	Letlhogonolo Kgosieng
Ninke von Wielligh	o/11	Jacques Louw Aerin Markus
Hanné Sass	o/12	Heinrich Redelinghuys
Amanda Carstens Donlynn Farao	o/13	Miquel West
Casey Primus	o/14	Juan Liebenberg
Marique van den Meulen	o/15	Wim Treurnicht
Marli George	o/17	Fanuel Zimri
Francesca Olivier Megan Smuts	o/19	Marshall Gouws

GEESBEKER WENNER: Pienaar

PUNTESTAND:

3de: Bastiaanse	440
2de: McLean	728
1ste: Pienaar	864

Interhuis se Top prestasies volgens die ASA -punte tabel

Laerskool atlete:

Plek	Atleet	Oud	Item	Prestasie	ASA-punt
1	Letlhogonolo Kgosieng	So/10	70mHek	13.12s	744
2	Ninke von Wielligh	Do/11	Gewigstoot	6.05m	708
3	Amanda Carstens	Do/13	Gewigstoot	7.17m	705
4	Giselle Amsterdam	Do/10	Gewigstoot	5.29m	699
5	Elrien Liebenberg	Do/12	150mHek	28.32s	691
6	Cassidy Smit	Do/11	Gewigstoot	5.70m	681
7	Donlynn Farao	Do/13	100m	14.08s	675
8	Hanné Sass	Do/12	Gewigstoot	6.34m	672
9	Kyle Joubert	So/12	150mHek	23.83s	658
10	Essien Muller	So/12	150mHek	23.91s	652
11	Donlynn Farao	Do/13	75mHek	15.34s	643
12	Sha-Lee Fourie	Do/13	Gewigstoot	6.31m	642
13	Elrien Liebenberg	Do/12	1200m	4:45.63s	637
14	Hanré Sass	Do/12	75mH	15.38s	630
15	Donlynn Farao	Do/13	Gewigstoot	6.01m	628
	Mianette Theron	Do/13	Gewigstoot	6.02m	628
17	Kyle Joubert	So/12	75mHek	13.83s	626
18	Dominique Oosthuizen	Do/12	Gewigstoot	5.65m	622
19	Megan Benn	Do/11	Gewigstoot	4.90m	616
20	Desnine Bekeur	Do/12	Gewigstoot	5.55m	614

Top 10 Laerskool atlete vir die Interhuis byeenkoms:

1 Letlhogonolo Kgosieng

2 Ninke von Wielligh

3 Amanda Carstens

4 Giselle Amsterdam

5 Elrien Liebenberg

6 Cassidy Smit

7 Donlynn Farao

8 Hanné Sass

9 Kyle Joubert

10 Essien Muller

Hoërskool atlete:

Plek	Atleet	Oud	Item	Prestasie	ASA-punt
1	Jacolene du Toit	Do/15	Gewigstoot	10.82m	840
2	Carli Perold	Do/15	Geigstoot	8.87m	746
3	Mitchell Chivenga	Do/17	Diskusgooi	27.70m	715
4	Mitchell Chivenga	Do/17	Gewigstoot	8.72m	712
5	Carla-Jane Langenhoven	Do/17	Gewigstoot	8.67m	710
6	Estelle du Toit	Vo19	Gewigstoot	7.91m	708
7	Estelle du Toit	Vo19	Hammergooi	26.21m	706
8	Salomé van Zyl	Do/17	Gewigstoot	8.50m	701
9	Stefanie van der Merwe	Do/15	Gewigstoot	8.01m	700
10	Francesca Olivier	Vo/19	Spiesgooi	36.10m	691
11	Anja Cruywagen	Do/15	Gewigstoot	7.67m	681
12	Nadia Burger	Do/14	Gewigstoot	7.35m	676
13	Mondré Allies	So/17	Hoogspring	1.86m	670
14	Fanuel Zimri	So/17	3000m	10:28.47s	665
15	Derron van Wyk	So/17	100m	11.64s	663
16	Keathan Zincke	So/15	100m	12.02s	636
17	Fanuel Zimri	So/17	400m	55.34s	633
18	Nathan Jagers	Mo/19	100m	11.37s	610
19	Ayron Theunissen	So/17	200m	24.96s	607
20	Derron van Wyk	So/17	400m	56.46s	606
21	Keathan Zincke	So/15	100mHek	16.78s	604

Top 10 Hoërskool atlete vir die Interhuis byeenkoms:

1 Jacolene du Toit

2 Carli Perold

3 Mitchell Chivenga

4 Carla-Jane Langenhoven

5 Estelle du Toit

6 Salomé van Zyl

7 Stefanie van der Merwe

8 Francesca Olivier

9 Anja Cruywagen

10 Nadia Burger

Aansoekdatums vir Skole vir 2021

Inskrywings **open** (Alle gewone openbare skole):
17 Februarie 2020
Inskrywings **sluit** (Alle gewone openbare skole):
17 Maart 2020

Wes-Kaapse Regering

Belangrike datums wat onthou moet word wanneer jy by 'n skool aansoek doen vir 'n plek vir jou kind in 2021

Vrae wat dikwels gevra word

1 Hoe skryf ek my kind in by 'n skool van my keuse? 'n Paar punte wat in gedagte gehou moet word.

- Doen vroeg aansoek. Moenie tot die laaste dag wag nie.
- Doen by meer as een skool aansoek.
- Ken die wet/gaan deur die skool se Toelatingsbeleid.

2 Wat is die toelatingsouderdom vir graad 1?

Verpligtende skoolgaande ouderdom (graad 1) is 7 jaar in die jaar waarop die kind in graad 1 is.
Toelating tot Graad R is 6 jaar oud in die jaar wanneer die kind in Graad R ingeskryf word.

3 Watter dokumente is nodig om 'n kind by 'n openbare skool te registreer?

- Geboortesertifikaat.
- Inentingskaart.
- 'n Oorplasingskaart/-brief.
- Laaste skoolrapport vir leerders wat reeds skoolgaan.
- 'n Studiepermit wat deur Binnelandse Sake vir buitelandse leerders uitgereik is.

'n Kind kan voorwaardelik geregistreer word indien hierdie dokumente nie beskikbaar is nie. Die ouer moet redelike tyd gegun word om dit in te dien.

4 Is dit belangrik om vir graad R in te skryf?

Ja. Vroeë kinderontwikkeling help leerders om later in hul skoolloopbane beter by te hou.

5 Kan 'n kind toelating geweier word as hy of sy nie in die skool se voedersone bly nie?

Die WKOD het geen voedersones/-areas verklaar nie.

6 Kan skole 'n nieterugbetaalbare deposito vra voordat 'n leerder aanvaar word?

Nee. Skole mag geen gelde vra voordat 'n leerder aanvaar word nie.

7 Waar doen ouers aansoek?

Ouers kan aansoek doen by ten minste drie skole (insluitende hul naaste skool). Ouers kan aansoek doen by skole of aanlyn by **wcedonline.westerncape.gov.za.** (Ondersteunende dokumentasie kan deur die skole versoek word wanneer u aanlyn aansoek doen.)

GRAAD 10 & 11 VAKKEUSES (MAG 2 VAKKE VERANDER)

LEERDERS IN GR. 10 & 11 MOET SEKER MAAK VAN HULLE VAKKEUSES.

INDIEN U ENIGE PROBLEME HET OF ONDERVIND, MOET DIT SO SPOEDIG MOONTLIK ONDER ME TRIENEKE THERON SE AANDAG GEBRING WORD.

SLUITINGSDATUMS VIR VAKKEUSES:

Gr. 10 - 20 Junie 2020

Gr. 11 - 31 Maart 2020

KWYTSKELDING

Aansoeke vir Kwytskelding vir die skool en subsidie vir die koshuis sluit vandag.

BELANGRIKE KENNISGEWING

ALLERGIEë

Ons vra dat alle leerders wat asma of 'n lewensbedreigende allergie het, dit so spoedig moontlik by me Elna Lombard (Ontvangs) aanmeld.

Bring asseblief die besonderhede ten opsigte van die medikasie wat geneem moet word , asook die dokter se naam en telefoonnommer onder haar aandag.

U samewerking in hierdie verband word baie waardeer.

OORDENKING VIR DIE WEEK

"Vertel van Jesus"

Daar gebeur 'n verskeidenheid van dinge in ons eie en mense wat daagliks op ons pad kom, se lewens. Dit kan goeie en slegte dinge wees wat in mense se lewens gebeur. En al hierdie gebeure bied geleenthede om van Jesus te vertel. Ons kan dalk net verras wees hoe ontvanklik mense is om van Jesus te hoor in hulle spesifieke omstandighede.

Eerstens is daar persoonlike omstandighede soos jou eie worsteling met wie jy werklik is en wat jy maak met jou lewe; of jou eie unieke verhouding met God of wat ook al jou as individu direk raak. Elkeen van ons het een of ander tyd behoefte om met iemand oor een of meer van hierdie persoonlike sake te praat –en Jesus sal altyd deel wil wees van so 'n gesprek.

Dan is daar omstandighede wat meer met ander mense in jou lewe te doen het: dink aan jou werk, skool of studies waar jy ander mense nodig het en met hulle oor die weg moet kom; dink aan jou gesin en familie wat ons almal op een of ander wyse raak; dink aan jou vriendekring en die invloed wat hulle op jou het. Almal van ons is altyd op een of ander wyse aan ander mense gekoppel – goed of sleg, en dit raak ons lewe, en dit bied geleentheid om Jesus daarvan deel te maak.

Die ander groot lewensuitdaging wat ons almal in die gesig moet staar, is die groter prentjie van ander mense of omstandighede wat ons lewens direk beïnvloed. Hier is die politiek, die ekonomie, die weerpatrone en ander globale invloede ter sprake. Ons teenwoordige Jesus wil ook daarin geken wees en deel wees van hoe ons hierdie sake beredeneer.

Jesus bepaal nie ons omstandighede nie, Hy veroorsaak nie die probleme wat ons moet hanteer nie, Hy neem ook nie altyd die probleme weg nie, maar Hy gee ons die geleentheid om met ander oor Hom te praat, wat die omstandighede ook al is.

Gebed: **Liewe Jesus, help my asseblief dat ek die geleenthede sal gebruik om van U te vertel.**

Amen

WEEKPROGRAM

Vrydag,	31 Januarie -	SALOV Kongres
Saterdag,	01 Februarie -	H/S Platteland Atletiek PHS
		O/19 Krieket Montana (W)
Maandag,	03 Februarie -	H/S Tennis - Curro (W)
		O/11 Krieket - Steynville (W)
		O/13 Krieket - Porterville Primêr (T)
Dinsdag,	04 Februarie -	Interhuis Gala
Woensdag,	05 Februarie -	Mini-Krieket - Porterville Primêr (T)
		HvR Koshuis Uitstappie
		O/13 Krieket - Steynville Primêr (W)
		H/S Tennis seunsspan - Hopefield (W)
Donderdag,	06 Februarie -	O/15 Krieket - Vredenburg (W)
		O/19 Krieket - Hopefield (T)
		Top 10 Netbalproewe
Vrydag,	07 Februarie -	L/S Platteland Atletiek - HSP (11:00)
		Gr. 12 Geografie uitstappie
Saterdag,	08 Februarie -	H/S Wes-Boland Atletiek (Moorreesburg)
		O/19 Krieket - Noordwes (W)

W.J. ENGELBRECHT
SKOOLHOOF